# HOOFSTUK 1

# INLEIDEND

## 1.1 REDE VIR ONDERSOEK

Ek het geboer en was 43 jaar oud toe ek met my teologiese studies (1990) by die Universiteit van Pretoria begin het. As geestelike leier in die gemeente was ek en my gesin ernstig betrokke by die kerk, veral by die kategese en evangelisasie van die jeug. Reeds van kleins af het my twee seuns my gereeld vrae gevra rondom die praktiese leef van 'n mens se Christenskap. “Waarom leef die grootmense wat gereeld kerk toe gaan, nie soos mense wat Jesus ken nie?”. Hierdie vrae en die soek na die regte antwoorde het in my gegroei. Die seuns het my oortuig dat ons as grootmense/kerkmense “kerk-kerk” speel en dit was een van die redes waarom ek my boerdery verkoop het en predikant geword het. Dit het dan uiteindelik uitgeloop op my MTh-studie en MTh-skripsie, getiteld Die gelowige as beeld van sy Skepper: Kolossense 3:10. In hierdie studie het ek beweer dat baie gelowiges sukkel om hulle teologie/geloof te funksionaliseer vanweë die feit dat hulle nie vanuit 'n vaste vertrekpunt te werk gaan nie. My praktiese ervaring as leraar van 'n gemeente bevestig hierdie vermoede. Dit gaan dus om die feit en werklikheid dat gelowiges 'n identiteit in Christus het en vanuit hierdie identiteit moet lewe. Hulle identiteit in Christus moet hulle lewe motiveer en bepaal.

Met hierdie ondersoek poog ek om aan te toon dat die *verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense* my bewering bevestig. Die verbondenheid aan Christus moet 'n mens se lewenswyse bepaal en nie 'n wettiese ingesteldheid nie. Daarom die tema van hierdie studie: *Die verhouding tussen die Christologie en die etiek in die brief aan die Kolossense*[1].

[1] Hierdie studie het kennis geneem van die huidige stand van navorsing op Kolossense maar beskou dit nie van belang vir hierdie studie nie. 'n Volledige in diepte ondersoek wat spesifiek fokus op die verhouding tussen die *Christologie en etiek in Kolossense* kon nie gevind word nie.

### 1.2 WERKSWYSE VAN STUDIE

Hierdie studie word in ses hoofstukke aangebied. Die eerste hoofstuk is inleidend en gee die rede vir die studie, ’n kursoriese oorsig oor die huidige stand van navorsing op Kolossense, die breë gedagtegang van die studie en die hipotese van die ondersoek.

Hoofstuk 2 dien as die prolegomena waarin kortliks aandag gegee word aan die outeur van die brief, aanleiding tot die skrywe, ’n beskrywing van die gemeente van Kolossense en dié se sosio-ekonomiese agtergrond. Verder word die struktuur en opbou van die brief uiteengesit, asook die gedeeltes in die brief wat spesifiek in hierdie studie aandag sal ontvang.

In Hoofstuk 3 word die teologie en Christologie in Kolossense in diepte ondersoek, soos dit veral die tema van hierdie studie raak.

Hoofstuk 4 word gewy aan ’n bespreking van die etiek in Kolossense, met as fokus die tema van hierdie studie.

Hoofstuk 5 handel spesifiek oor die tema van die studie. Met die gegewens verkry uit Hoofstukke 3 en 4 word die verhouding tussen die Christologie en etiek in diepte beskryf.

Hoofstuk 6 bied die resultate van die ondersoek aan.

In die ondersoek na die teologie en Christologie in die brief laat ek my lei deur die gekose definisies en soos die onderskeie temas hulle in die brief voordoen. Aan die hand van hoofsaaklik teologiese eksegese, asook detail-eksegese en breedvoerige woordstudies, word daar ondersoek ingestel na moeilike tekste, woorde en begrippe. Op hierdie wyse word ook gepoog om die etiek in die brief te identifiseer. Besondere aandag word gegee aan die gedeeltes waar paranese of etiek hoofsaaklik in voorkom. Gevolgtrekkings word gemaak en na elke belangrike gedeelte word 'n samevatting gegee.

### 1.3 BREË GEDAGTEGANG

Gelowiges se geloof en hulle verhouding met die Here Jesus Christus word daagliks bedreig deur allerlei beproewings en versoekings komende van mense, omstandighede en die bose. Met die gemeente in Kolosse was dit nie anders nie. Hulle verbondenheid aan Christus was bedreig deur mense wat 'n dwaalleer verkondig het. Christus se algenoegsaamheid, sy voorrang en verhewendheid word deur die dwaalleer betwyfel wat gelowiges laat twyfel het oor hulle redding in Christus.

As teenvoeter vir hierdie dwaling het Paulus hierdie brief geskryf om hulle te herinner aan wie Christus is. Die gemeente word daaraan herinner dat Christus die heerser oor alles is en dat Hy alles gedoen het wat vir hulle redding nodig is. God het alles deur Christus met Homself versoen. Christus is alles en in almal. Hy is die hoop op die heerlikheid. Hulle moet aan Hom verbonde bly en hulle nie laat mislei deur die dwaalleer nie.

Om die gelowiges weer op Christus gefokus te kry maak Paulus gebruik van ‘n indikatief-imperatief metode van skryf. Hy herinner die gemeente aan wie hulle is. Hulle is deur God geskik gemaak om deel te hê aan die hemelse erfenis. God het hulle uit die duisternis weggeruk en hulle onder die heerskappy van sy Seun geplaas. Hulle is verlos en hulle sondes is vergewe. In hierdie proses het hulle saam met Christus gesterf, en is saam met Hom opgewek. Hulle is nou die uitverkore volk van God.

Op grond van hierdie feit, en omdat hulle Christus aangeneem het, vermaan Paulus hulle om die nuwe lewe in Christus te leef. Die ou lewe moet afgelê word. Hulle strewe en gedagtes moet op Christus gerig wees, in Hom gewortel en op Hom gebou.
Hierdie nuwe lewenswyse moet hulle onderlinge verhoudings in die gemeente, in die huishoudings en met buitestaanders bepaal. Alles wat hulle sê of doen moet in die Naam van Christus gedoen word.

Dit is die boodskap van Kolossense. Christus is alles. Daarom bepaal en motiveer die Christologie die etiek in Kolossense. Anders gesê: Die gelowi-

ges se verbondenheid aan Christus bepaal en motiveer hulle gedrag en optrede. Hulle moet wees wat hulle alreeds is, verlostes in Christus. Hulle is mense met 'n identiteit, status en posisie in Christus.

### 1.4 HIPOTESE VAN ONDERSOEK

Die begrip of woord hipotese word hier verstaan as 'n onbewese stelling of stellings wat moet dien as grondslag vir (be)redenering.

In die lig van hierdie betekenis van die woord hipotese bied hierdie studie die volgende hipotese aan. **Dit is duidelik dat die rede vir die skryf van die brief aan die gemeente in Kolosse aan 'n dwaalleer of 'n bedreiging wat sy kop in die gemeente uitgesteek het, toe te skryf is. Hierdie dwaalleer het die volstrekte heerskap van Christus en die volkomenheid van sy verlossingswerk bedreig en wou dit aanvul met asketiese praktyke en seremoniële rites wat die gelowiges die vryheid in Christus wou ontneem, sonder om oorwinning oor die sondige natuur te bied.**

Paulus konfronteer nie die dwaalleraars direk nie. Hy volg 'n ander strategie. Deur deurgaans die wisselwerking tussen die indikatief en die imperatief toe te pas, help hy die gelowiges om vas te staan teen die bedreiging. Hy herinner hulle aan die volstrekte uniekheid van Christus, dat Hy die genoegsame Middelaar vir skepping en herskepping is. Tweedens herinner hy die gelowiges aan hulle identiteit. Hulle is mense wat aan Jesus Christus verbonde is. Hulle staan in 'n noue verhouding met Hom. Hulle lewenswyse moet deur hierdie verbondenheid, hierdie identiteit bepaal word (*die verhouding tussen die Christologie en die etiek*). Dit moet die vertrekpunt van hulle alledaagse, praktiese lewe wees, wat insluit hulle persoonlike lewe, hulle verhoudings binne die gemeente, die gesin en teenoor buitestaanders.

Die tema van die studie gaan poog om bostaande hipotese te bevestig deur die werkswyse soos in § 1.3 aangetoon.

# HOOFSTUK 2

# DIE PROLEGOMENA

## 2.1 INLEIDING TOT KOLOSSENSE

### 2.1.1 OUTEURSKAP EN TYD EN PLEK VAN SKRYWE[2]

Dat Paulus die outeur van die Kolossensebrief is word nie algemeen aanvaar nie. In die ondersoek na die outeurskap van Bybelse dokumente word normaalweg van twee kriteria gebruik gemaak, naamlik *eksterne en interne* getuienis van outeurskap.

Eksterne getuienis handel oor bronne buite die kanon wat verwysings oor die outeurskap van die Bybelse dokumente bevat. Interne getuienis, daarenteen, vergelyk die inhoud van 'n dokument (soos Kolossense) met ander dokumente of briewe waaroor daar geen dispuut bestaan nie (Boonzaaier 2002:17).

As voorbeeld van eksterne getuienis verwys O'Brien (1982:xli) na die kanon van Muratori en die kanon van Marcion wat Kolossense nie as deel van die corpus Paulinum insluit nie (Boonzaaier 2002:17).

Hierteenoor aanvaar kerkvaders soos Ireneaus, Tertullianus en Klemens van Aleksandrië Kolossense as 'n egte Paulusbrief is. Volgens O'Brien (1982:xli) was daar in die eerste dekades geen dispuut oor die Pauliniese outeurskap van Kolossense nie. Die naam van Paulus as outeur kom immers aan die begin (Kol 1:1) en aan die einde van die brief (Kol 4:18) voor.

Die *interne getuienis* behels die vergelyking tussen Kolossense en die sogenaamde egte briewe van Paulus. Aan die volgende terreine word onder andere aandag gegee, naamlik aan taal en styl, nie-Pauliniese uitsprake en

[2] In hierdie Afdeling word daar nie 'n in diepte studie van die moontlike plek en skrywe van Kolossense aangebied nie. Enkele opmerkings word gemaak om die uitgangspunt van die studie in hierdie verband duidelik te maak.

die leer, teologie (veral die ekklesiologie), Christologie, eskatologie en soteriologie van Kolossense (Boonzaaier 2002:17).

Sonder om hier in besonderhede daarop in te gaan, bied Roberts, du Toit en O'Brien myns insiens aanvaarbare verduidelikings vir die taal- en stylverskille tussen Kolossense en die sogenaamde egte Paulusbriewe. Roberts (1984:117-124) se verduideliking kom in hoofsaak daarop neer dat die omstandighede van die outeur en lesers, asook die aard van die geskrif, bepalend is vir die gebruik van taal en styl asook spesifieke woordgebruik. Verder is dit ook moontlik dat Paulus, in die skryf van Kolossense, van ‘n amanuensis gebruik gemaak het. Hierdie gebruikmaking van 'n amanuensis en dié se individualiteit kan die rede wees vir die besondere taal en styl van Kolossense (Roberts 1984:118).

Du Toit (1984:18-21) verwys ook na die gebruik van 'n amanuensis deur Paulus by verskeie geleenthede. Wanneer daar van die dienste van 'n amanuensis gebruik gemaak is was dit normaal vir die outeur om die brief self af te sluit om só die gevaar van vervalsing te voorkom. Dit is inderdaad dan ook die geval in Kolossense soos uit Kolossense 4:18 afgelei kan word.

O'Brien (1982:xli), op sy beurt, is nie oortuig dat die sogenaamde verskille tussen Kolossense en die algemeen aanvaarde Pauliniese briewe genoegsame gronde bevat om die Pauliniese outeurskap van Kolossense te bevraagteken nie. Die verskille tussen Kolossense en die egte Pauliniese briewe, volgens hom, kan toegeskryf word aan die omstandighede in Kolosse.

Nadat die twee teenoorgestelde standpunte oorweeg is in soverre dit vir hierdie studie van belang is, skaar ek myself by die standpunt dat daar genoeg getuienis is om te aanvaar dat Paulus die outeur van die Kolossense brief is. Dat daar van 'n amanuensis onder Paulus se gesag of toesig gebruik gemaak is, is 'n sterk moontlikheid. Dit neem egter nie die Pauliniese “egtheid” van die brief weg nie.

Die outeursvraagstuk is nie die fokus van hierdie studie nie, daarom die kort oorsig van die vraagstuk. Verder is die bedoeling van hierdie oorsig ook om my eie posisionering aan te toon. Wat die plek van skrywe betref, kan uit Kolossense 4:3, 10 en 18 afgelei word dat die brief vanuit 'n gevangenis geskryf is. Die plek word egter nie genoem nie. Verskeie moontlikhede word deur navorsers in hierdie verband aangebied, te wete Rome, Sesarea en Efese.

Die onsekerheid oor die plek van skrywe beïnvloed uiteraard die bepaling van die tyd van skrywe. Alhoewel die tyd en plek van skrywe nie bepalend is vir hierdie studie se verstaan van die verband tussen die Christologie en etiek in Kolossense nie, word om volledigheidshalwe 'n keuse gemaak vir die tyd van skrywe tussen 52 en 62 nC (kyk Barth & Blanke 1994:126).

### 2.1.3 DIE GEMEENTE IN KOLOSSE

Die heiliges in Kolosse, wat as gelowige broeders in Christus aangespreek word (Kol 1:2), het nie deur Paulus se bediening tot bekering gekom nie en die gemeente is nie deur hom gestig nie en is ook nie voor die skrywe van die brief deur hom besoek nie (Kol 2:1; kyk O'Brien 1982:xxvii, Barth & Blanke 1994:17, Schweizer 1982:14 en Martin 1985:6).

Die gemeente moes egter wel onder die Pauliniese invloedsfeer gestaan het (Kol 1:7; 4:12; Pelser 1989:274; O'Brien 1982:xxvii). Blykbaar was Epafras (Kol 1:7), 'n medewerker van Paulus, die stigter van die gemeente. Ten tye van die skrywe van die brief was Kolosse 'n klein gemeente wat 'n noue verbintenis met dié in Laodicea en Hiërapolis gehad het (Kol 4:13, 15 -16). Die gemeente het verder, soos dit die geval met al die ander gemeentes in hierdie streke was, oorwegend uit nie-Joodse Christene bestaan (Pelser 1989:274; O'Brien 1982:xxviii-xxix).[3]

[3] O'Brien verwys in hierdie verband na Moule (1973:29) wat die nie-Joodse karakter van die gemeente in Kolosse op die volgende vier argumente begrond: 1) Kolossense 1:12, 21 en 27 dui op nie-Jode wat deel van die gemeente was; 2) baie min aanhalings uit die Ou Testamentiese kom in Kolossense voor; 3) 'n kenmerkende sondelys waarmee daar na die lewe van die heidene verwys word kom in Kolossense 3:5-7 voor; en 4) daar is 'n gebrek aan verwysings na die versoening tussen Jode en heidene in die gemeente, behalwe miskien Kolossense 3:11 en 4:11. Uit hierdie argumente is dit duidelik dat die gemeente oorwegend uit nie-Jode bestaan het, alhoewel Jode heel waarskynlik ook deel van die gemeente was.

Hoewel die evangelie goeie vrug by die gemeente opgelewer het (Kol 1:6) en hulle vasgestaan het in geloof en liefde (Kol 1:4-5), het daar tog ook dwaalleer in die gemeente na vore getree (Kol 2:6-23).

### 2.1.4 AANLEIDING TOT DIE SKRYWE VAN DIE BRIEF

Dit is uit kommentare en verskeie artikels duidelik dat die rede vir die brief aan die dwaalleer of bedreiging in die gemeente in Kolosse toe te skryf is (O'Brien 1982:xxx, Barth & Blanke 1994:46; Martin 1985:7) Hierdie agtergrond, spesifiek die dwaalleer of bedreiging, moet daarom deeglik verreken word wanneer daar oor die inhoud en boodskap van die brief nagedink word. In hierdie verband maak Boonzaaier (2002:27-29) die opmerking dat dit belangrik is om daarop te let dat daar primêr van literêre bronne gebruik gemaak word in die navorsing oor die opponente in die gemeente in Kolosse. In hierdie verband word Kolossense 2:4-23 meestal gebruik as die basis vir die ondersoek van die bedreiging in Kolosse. Daar kan wel van argeologiese gegewens of moderne sielkundige en sosiale teorieë gebruik gemaak word, maar primêr word daar gekyk na die teks voor hande. Dit beteken dat die literêre kritiek, wat fokus op die genre en struktuur van tekste, baie sterk in die voorgrond is in die nadenke oor hierdie aspek van Kolossense. Selfs in die sosiale rekonstruksie van die gemeente in Kolosse en die dwaling wat daar teenwoordig was is afhanklik van literêre ondersteuning (Boonzaaier (2002:27). Daar kan dus nie anders as om die prioriteit van literêre bronne in hierdie ondersoek moet erken. Dit is alleen deur die hulp van die literêre kritiek dat ons sekere genres, en veral die funksie van genres, in hierdie ondersoek kan toepas.

Wat spesifiek die literêre ondersoek van die dwaalleer in Kolossense betref, identifiseer Boonzaaier (2002:28) drie probleemareas in die navorsing oor die opponente in Kolossense. Die eerste probleemarea lê in die vertolking van die (veronderstelde) situasie in Kolosse. Alhoewel die meerderheid navorsers aanvaar dat daar opponente van die evangelie in Kolosse was, is dit uit die inhoud van die brief nie so maklik bewysbaar nie. Paulus gee ook nêrens in die brief 'n formele uiteensetting van die dwaalleer nie (kyk O'Brien 1982:xxxi). Alleen die hoofkenmerke daarvan kan bespeur word deur die

samevoeging en interpretasie van die apostel se positiewe teenargumente. Die tweede probleemarea van hierdie ondersoek is die gebrek aan bronne wat vir die ondersoek gebruik kan word. Derdens problematiseer die taal en begrippe wat in Kolossense gebruik word die ondersoek. Daar is verskeie woorde en begrippe in die brief wat net in Kolossense in die Nuwe Testament voorkom. Hier kan veral verwys word na die woorde soos φιλοσοφίας (filosofieë; Kol 2:8); νεομηνίας (nuwemaansfees; Kol 2:16); καταβραβευέτω (diskwalifiseer/oordeel; Kol 2:18); δογματίζεσθε, (reëls gehoorsaam; Kol 2:20); ἀποχρήσει (gebruik; Kol 2:22); ἐθελοθρησκίᾳ (eiesinnige godsdiens; Kol 2:23); ἀφειδίᾳ (selfbeheersing; Kol 2:23) en πλησμονὴν (versadiging; Kol 2:23). Omdat hierdie woorde hapax legomena is kan dit nie met ander voorkomste in die Nuwe Testament vergelyk word nie. Duidelik problematiseer hierdie situasie die ondersoek na die identiteit van die opponente in Kolosse en die inhoud van die dwaalleer wat hulle aangehang het.[4]

Weens die beperkte fokus van hierdie studie word daar volstaan met Roberts (1984:148-150) se standpunt wat die dwaalleer in Kolosse betref[5]. Volgens hom kan die dwaalleer in Kolosse in verband gebring word met 'n sinkretistiese stelsel wat Joodse en heidense elemente bevat het (vgl Kol 2:4, 8, 16-18), ‘n standpunt wat redelik algemeen in die navorsing oor Kolossense erken word. Daar bestaan ook redelike konsensus dat hierdie sinkretistiese dwaalleer ‘n teoretiese (filosofiese) en praktiese sy vertoon het.

Oor die presiese aard van die dwaalleer en die agtergrond waarteen dit verstaan moet word, loop die gedagtes egter wyd uiteen. Hoofsaaklik drie standpunte kom voor wat betref die aard van die dwaalleer in Kolossense. In die eerste plek is daar diegene wat die dwaalleer verstaan as 'n gnostiese beweging wat binne die gemeente sy invloed begin uitoefen het. Hiernaas dink andere aan die verskynsel van die misteriegodsdienste as die sleutel tot die verstaan van die dwaalleer. ‘n Derde groep is versigtig vir spekulatiewe

[4] Navorsers soos Hooker (1973:315-331) is van oordeel dat daar geen dwaalleer in Kolosse bestaan het nie (kyk O'Brien 1982:xxi).

[5] Volgens Roberts (1998:161-183) oordeel dat die dwaalleer 'n asketies-mistiese bedreiging vir die Kolossense ingehou het.

gevolgtrekkings wat op grond van baie min gegewens en onsekere verklarings gemaak word en meen dat ons hier te make het met gebrekkige kennis van 'n onvolwasse Christenheid wat nog in sy kinderskoene staan. Binne hierdie drie rigtings is daar groot variasies ten opsigte van detail.

Roberts (1984:150-151) konkludeer myns insiens korrek wanneer hy tot versigtigheid maan om in die tipiese uitdrukkings van die brief woorde en frases van die dwaalrigting te ontdek en Paulus se aanval daarteen in terme van hierdie woorde en frases te verstaan. In die kader van 'n spekulatief ontwerpte sisteem van gnostiek of misteriegodsdienste sal dit navorsers goed doen om krities te staan teenoor so 'n prosedure. Paulus se boodskap in die brief is nie noodwendig afhanklik van die aanvaarding van die een of ander sisteem of agtergrond met betrekking tot die dwaalleer nie.

Dit is genoeg as ons weet dat ons hier met 'n stroming te doen het wat die volstrekte heerskapsposisie van Christus en die volkomenheid van sy verlossingswerk aan bande gelê het en dit wou aanvul met asketiese praktyke en seremoniële rites wat die Christen sy vryheid ontneem sonder om oorwinning oor die sondige natuur te bied (Kol 2:23). Hierteenoor stel Paulus die volstrekte uniekheid van Christus (Kol 1:12-20) en verseker hy die gemeente dat hulle saam met Christus gesterf het (Kol 2:20) en saam met Hom opgewek is (Kol 3:1). Daarom kan hy hulle ook oproep om die egte nuwe, oorwinnende lewe te lei wat hieruit voortvloei (Kol 2:20-4:6)[6].

'n Bespreking oor die moontlike bedreiging in Kolosse kan nie volledig wees as die vilifikasie hipotese ook nie vermeld word nie. Boonzaaier (2003:1275), in navolging van du Toit (1989; 1992; 1994) en ander, beweer dat in die ondersoek van die agtergrondsituasie van Kolossense die moontlikheid om vilifikasie as retoriese tegniek te verreken opmerklik afwesig is. Deur die tegniek van vilifikasie as interpretasiesleutel te gebruik word die fokus op die identiteit en aard van die bedreiging in Kolosse gerelativeer en kan die boodskap van die brief op 'n nuwe manier waardeer word.

---

[6] Volgens Vergeer (1995:413-442) het Paulus werklikheid van Christus teenoor die werklikheid van die dwaalleraars gestel as strategie om die dwaalleer te bestry.

Vilifikasie is 'n retoriese tegniek wat aangewend word deur sprekers om hoorders te wen vir 'n standpunt. In hierdie proses word hoorders vervreem van die opponerende standpunt sodat hulle opnuut kan identifiseer met die standpunt van die spreker (Du Toit 1992:279, in Boonzaaier 2003:1276). Die tegniek van vilifikasie kan in brede as swartsmeerdery of etikettering beskryf word (Malina & Neyrey 1988, in Boonzaaier 2003:1276). Vilifikasie kan eksplisiet of implisiet geskied. Eksplisiete vilifikasie kom voor waar die opponente van die spreker 'n bekende of vasstelbare identiteit het. Volgens Boonzaaier (2003:1280) toon Johnson (1989) aan hoe die evangelies talle anti-Joodse uitsprake bevat wat direk met eksplisiete vilifikasie in verband gebring kan word (kyk bv Joh 8:44-47). In die geval van implisiete vilifikasie is die opponente denkbeeldige figure in die spreker se kop. Daar bestaan nie werklik 'n persoon of persone met wie die vilifikasie direk in verband gebring kan word nie. In hierdie geval word vilifikasie gebruik om 'n veronderstelde gevaar of bedreiging aan te spreek. Die voorkoms van implisiete vilifikasie is egter nie so voor die handliggend soos in die geval van eksplisiete vilifikasie nie. Kolossense 2:8-23 kan, volgens Boonzaaier (2003:1281), gesien word as ‘n voorbeeld waar die tegniek van implisiete vilifikasie gebruik word.

Wanneer vilifikasie as interpretasiesleutel gebruik word om die boodskap van Kolossense toe te lig kom insiggewende perspektiewe na vore. Volgens Boonzaaier (2003: 1281) maak die gebruik van hierdie sosiaalwetenskaplike teorie die vraag na die identiteit van die opponente onbelangrik. So word die navorser bevry van 'n reaksionêre denkskema waar elke teks 'n (veronderstelde) teenhanger het. Dit word gevolglik moontlik om sonder 'n dwingende agtergrondskema die teks te ondersoek.

In kort: Die skrywer van Kolossense wil, deur gebruik te maak van vilifikasie as retoriese strategie, sy lesers bring om hulle te heridentifiseer met die evangelieboodskap soos hy dit formuleer en vervreem van alle ander evangelies. Vanuit hierdie gesigshoek is Kolossense 'n boodskap wat in die een en twintigste eeu gelowiges oproep tot heridentifisering met die evangelieboodskap en gepaardgaande vervreemding (Boonzaaier 2003:1283). Die vilifikasie-hipotese word nie in hierdie studie toegepas nie.

### 2.1.5 DIE STRUKTUUR VAN KOLOSSENSE

Die struktuur van die Kolossensebrief kom hoofsaak ooreen met die breë opbou en struktuur van 'n tipiese Griekse brief wat gewoonlik bestaan uit 'n aanhef, 'n aanloop tot die hoofbetoog en ‘n afsluiting. Al hierdie rubrieke kom nie in al die briewe voor nie, wat te make het met die lengte van die brief. Die opbou of struktuur van die brief help om die gedagtegang en argumentering van die skrywer duideliker te bepaal.

Verskeie voorstelle tot die struktuur van die Kolossensebrief is al aan die hand gedoen. Hierdie studie het bevind dat, wat die opbou van die brief betref, daar geen eenstemmigheid onder eksegete gevind kan word nie. Sommige werk met breë indelings, ander met kleiner indelings. Die rede hiervoor, so wil dit voorkom, is hoofsaaklik die verskil in eksegetiese metodes en benaderings wat gebruik word om die brief te analiseer.

Die volgende drie voorbeelde illustreer bogenoemde. O'Brien (1982:liv), as eerste voorbeeld, doen die volgende opbou aan die hand sonder om redes daarvoor te gee:

| | |
|---|---|
| 1:1, 2 | Introductory greeting |
| 1:3-8 | Thanksgiving: Faith-love-hope and the gospel |
| 1:9-14 | An intercession for knowledge and godly conduct |
| 1:15-20 | Christ the Lord in creation and redemption |
| 1:21-23 | Reconciliation accomplished and applied |
| 1:24-2:5 | Paul's mission and pastoral concern |
| 2:6-15 | The antidote to error: Christ in all his fullness |
| 2:16-23 | Freedom from legalism |
| 3:1-4 | Seek the things above |
| 3:5-11 | Put away the sins of the past |
| 3:12-17 | Put on the graces of Christ |
| 3:18-4:1 | Behavior in the Christian household |
| 4:2-6 | Final admonitions: Persistence in prayer and right behavior towards outsiders |
| 4:17-18 | Personal greetings and Instructions |

Roberts (1984:151-152) weer bied ‘n struktuur aan wat die resultaat is van 'n redevoeringsanalise.

**Briefaanhef** (Kol 1:1, 2)
1. Skrywers en geadresseerdes (Kol 1:1)

2. Seëngroet (Kol 1:2)

**Deel 1: Voorbereiding vir die vermaning teen dwaling – God se heil en die gevaar van verleiding (Kol 1:3-2:5)**

1. Danksegging vir die nuwe Christene (Kol 1:3-8)
2. Voorbidding vir die nuwe Christene (Kol 1:9-12)
3. Geloofsbelydenis: God en die bevryding deur die Gesalfde (Kol 1:13-20)
4. Betekenis van die belydenis vir die jong Christene (Kol 1:21-23)
5. Sterk gemotiveerde waarskuwing, teen die agtergrond van God se heilswerk en Paulus se verkondiging, om nie verlei te word nie (Kol 1:24-2:5)

**Deel 2: Die regte lewenswandel**

1. Vermanings oor die regte lewenswandel, gegrond op die verhouding tot Christus, teenoor die dreigende verleiding van 'n dwaalrigting (Kol 2:6-3:17)
   1.1 Algemene inleiding (Kol 2:6-19)
      1.1.1 Leef reg in verbondenheid aan Christus en waaksaam teen dwaling (Kol 2:6-8)
      1.1.2 Die grondslag van die vermaning (Kol 2:9-15)
      1.1.3 Waarskuwing teen ander se foutiewe oordeel oor hulle wat immers besig is om uit Christus te groei (Kol 2:16-19)
   1.2 Die regte lewenswandel teenoor die eise van die dwaalrigting (Kol 2:20-3:17)
      1.2.1 Verwyt oor afdwaling (Kol 2:20-23)
      1.2.2 Oproep tot die nuwe lewe: Die beginsel (Kol 3:1-4)
      1.2.3 Hoe die nuwe lewenswandel moet lyk (Kol 3:5-17)
      (1) Die negatiewe wat vermy moet word (Kol 3:5-9)
      (1a) 'n Sondelys (Kol 3:5-7)
      (1b) Die aflê van die ou mens (Kol 3:8-9)
      (2) Die positiewe wat nagestreef moet word (Kol 3:10-17)
      (2a) Die aantrek van die nuwe mens (Kol 3:10-11)
      (2b) Deugdelys (Kol 3:12-17)
2. Huistafel: Vermanings oor onderlinge verhoudings in huislike verband (Kol 3:18-4:1)
   2.1 Die verhouding vrou-man (Kol 3:18-19)
   2.2 Die verhouding kinders-ouers (Kol 3:20-21)
   2.3 Die verhouding slawe-base (Kol 3:22-4:1)
3. Laaste vermanings oor gebed en die verhouding tot buitestanders (Kol 4:2-6)

**Briefslot: Draers van die brief, groete versoeke en seën (Kol 4:7-18)**

1. Die draers van die brief (Kol 4:7-9)
2. Groete van Paulus se medestanders (Kol 4:10-14)
3. Versoeke (Kol 4:15-17)
   3.1 Die oordra van groete (Kol 4:15)
   3.2 Die oor-en-weer lees van briewe (Kol 4:16)
   3.3 Die waarskuwing van Agrippus (Kol 4:17)
4. Paulus se groete en seën (Kol 4:18)

Schweitzer (1982:8-9) se struktuur, sonder enige opmerking oor die rede vir sy gekose opbou, lyk soos volg:

**I The opening address (Col 1:1-8)**
1. Assurance of Grace (Col 1:1-2)
2. Thanksgiving (Col 1:3-8)

**II Laying the Foundation (Col 1:9-2:23)**
1. Intercession (Col 1:9-11)
2. The hymn and its setting (Col 1:12-23)
3. World mission as revelation of the mystery (Col 1:24-29)
4. The apostle's involvement for the community (Col 2:1-5)
5. The confrontation with the Colossians philosophy (Col 2:6-23)

**III The life that comes from faith (Col 3:1-4:6)**
1. The new life as an understanding (Col 3:1-4)
2. The old and the new man (Col 3:5-11)
3. Life in Christ's world (Col 3:12-17)
4. Christ in the sphere of marriage, family, and work (Col 3:18-4:1)
5. The call to intercession and missionary responsibility (Col 4:2-6)

**IV The conclusion of the letter: Greetings (4:7-18)**

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar taamlike verskil bestaan wat betref die opbou van Kolossense. Die verskille is veral te wyte aan die spesifieke benadering wat gevolg word. Eenstemmigheid sal dus nie sommer verkry word nie. Die opbou en struktuur van die Kolossensebrief is vir hierdie studie van belang in soverre dit 'n geheelbeeld gee van die verskillende temas wat in die brief aan die orde kom en hoe hulle bymekaar inskakel. Die opbou wat hierdie studie aanbied is wel gedeeltelik beïnvloed deur die keuses van ander eksegete (soos hierbo), maar die tematiese benadering wat met hierdie studie gevolg word, het uiteindelik die keuse bepaal. Inhoudelike, grammatikale en stilistiese getuienis in die teks is wel deeglik in ag geneem.

Die tematiese opbou (hooftemas en subtemas) wat in hierdie studie gebruik sal word lyk soos volg:

**1:1-12: INLEIDENDE DEEL**

1:1-2 Briefaanhef en seëngroet

1:3-8 Danksegging vir geloof, liefde, hoop en die evangelie

1:9-12 Voorbidding vir wysheid, insig, kennis van God se wil en lewe tot eer van die Here.

**1:13-2:5: EERSTE HOOFDEEL – GOD, SKEPPING EN VERLOSSING**

1:13-20 Geloofsbelydenis: Die heerskappy, voorrang van die Seun en verlossing.
1:21-23 Die versoening is volbring en word toegepas.
1:24-2:5 Paulus se bediening en lyding vir kerk en evangelie.

**2:6-2:23: TWEEDE HOOFDEEL VAN BRIEF – IN HOM GEWORTEL EN OP HOM GEBOU**

2:6-7 Lewe in verbondenheid met Hom
2:8 Waarskuwing teen misleiding
2:9-10 Volle wese van God in Hom. Gelowiges deel in sy volheid
2:1-12 Die wegneem van die sondige natuur
2:13-14 Saam met Christus lewend gemaak
2:15 Bose magte is ontwapen
2:16-19 Moenie mislei word nie
2:20-23 Waarom gehoorsaam julle die dwaalleer?

**3:1-4:1: DERDE HOOFDEEL – DIE NUWE LEWE IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS**

3:1-4 Strewe na die dinge daarbo waar Christus is
3:5-11 Die ou en nuwe lewe
3:12-17 Die uitverkore volk : Leef as uitverkorenes
3:18-4:1 Wedersydse verhoudings in die huishouding
4:2-6 Bid en tree met wysheid op

**4: 7-18: BRIEFAFSLUITING**

4:7-8 Nie rede vir bekommernis
4:9-18 Groete en seën

### 2.1.6 GEDEELTES IN BRIEF WAAR DIE TEMA VAN DIE STUDIE AANGESPREEK WORD

Aangesien die *verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense* grootliks gebaseer is op die wisselwerking tussen die indikatief-imperatief struktuur wat die skrywer aanwend, word die tema van die studie in werklikheid dwarsdeur die brief aangespreek. Die gedeeltes wat egter spesifiek die tema Christologie-etiek aanspreek, of daaruit afgelei kan word, is die volgende: Kolossense 1:1-12; Kolossense 1:13-2:5; Kolossense 2:6-23; en Kolossense 3:1-4:6. Kolossense 2:6-23 en Kolossense 3:1-4:6 sal dien as fokus van die onderhawige studie.

Die kriteria wat gebruik is om tot bostaande beslissing te kom is die teologiese/Christologiese en etiese terme of uitsprake wat in genoemde gedeeltes aangetref word. Kortliks kom hierdie kriteria op die volgende neer ('n breedvoerige behandeling sal in die res van die studie gedoen word):

**Kolossense 1:1-2**

In hierdie gedeelte bid Paulus oor praktiese dinge. Die gemeente moet doen wat die Here verlang. Hulle moet vrugte dra en goeie werke doen. Met blydskap moet hulle die Vader dank. Paulus se voorbidding het dus 'n etiese inhoud.

**Kolossense 1:13-2:5**

Hierdie gedeelte bevat die heilsindikatief (Kol 1:13.14) wat die grondslag vorm vir die paranese (etiese vermanings) wat verder in die brief aangetref word. Kolossense 1:13-20 is die Christologiese belydenis wat die matriks vorm vir die verstaan van die hele brief. In Kolossense 1:21-23 word die gemeente opgeroep tot 'n Christelik-etiese lewe.

**Kolossense 2:6-23**

In Kolossense 2:6 spreek Paulus die gemeente vir die eerste keer in die imperatief aan. In Kolossense 2:20-23 kom daar teregwysings of waarskuwings aan die gemeente voor om met hulle lewe te wys dat hulle aan Christus verbonde is.

**Kolossense 3:1-4:6**

In hierdie gedeelte word die meeste paranetiese materiaal aangetref, soos byvoorbeeld die etiese lyste en die huistafel.